

Vrydag 12 November

Skrifgedeelte: Jesaja 26:1-21

Fokusgedeeltes: Jesaja 26:20

In tye van onheil – trek jou in die binnekamer terug!

Daar kom mos tye van onheile – tsoenamies, aardbewings, koronaviruspandemies ... Dán moet die gelowige hom *terugtrek in die binnekamer, die deur agter hom toesluit ... totdat die grimmigheid verbygaan* (26:20).

Die algemene verband van die teksvers is belangrik. Jesaja is 'n geroepe profeet. Profesieë is nie toekomsvoorspellings nie, maar boodskappe van God aan gelowiges én ongelowiges. Vermaningsboodskappe tot bekering, waarskuwings dat God heilig is en nie ongehoorsaamheid sal duld nie en sál oordeel. Ook troosboodskappe dat die HERE in tye van beproewing wél uitkoms sal bewerk. Die volmaakte uitkoms uit ons sonde en ellende kom deur die beloofde Messias/Christus.

In Jesaja 24-27 praat die HERE oor die voleinding en die wêreldgerig. Alles wat die mens besit, kan in een dag van hom weggeneem word. Maar te midde van hierdie onheile kan die gelowige steeds juig (24:14-16; 21-23; ook Rom. 8:18 ev). In Jesaja 25 word gesing: "HERE, U is my God! Want U het wonders gedoen ... U sal die dood vernietig en die trane afvee ..." En in Jesaja 26: *Die HERE beskerm die gelowige van alle kante en gee 'n volle vrede. Selfs wanneer Hý tugtig, is Hýself die Toevlug en sal in sy genade ons opsoek.* Vers 19: Die HERE werk verkwikkend en onsigbaar soos dou! En dan vers 20: *Gaan na jou binnekamer totdat die grimmigheid van God teenoor die sondige mens uitgewoed het.*

Ja, die grimmigheid van God kom beslis – maar jy, gelowige, word dan opgeroep om na jou binnekamer te gaan! Dit laat mens dink aan Noag (Gen. 7:16). Toe almal in die ark is, het die Here Self die deur van beskerming toegesluit. Dáár in die binnekamer kan die gelowige in gebed met sy Vader verkeer. Hý wéét hoe groot jou nood is nog voordat jy vra. Die Vader sal meer oorfloedig vir jou sorg as wat Hy vir die mossie sorg (Matt. 6)!

Soms dwing die Here jou in die binnekamer in deur byvoorbeeld siekte. Bely dan in geloof dat jou sonde in Christus alles vergewe is. Wees opnuut van voorneme om 'n dankbaarheidslewe te lei. Dank die Here vir sy genade en barmhartigheid!

Sing: Psalm 68-1:9

Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad/Pretoria)